Graad 1



# 'n Grootboek met kort stories

AFRIKAANS

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Boek 8



## Stories in hierdie boek:



1 Anita gaan dokter toe 1



2 Busi koop 'n fiets 13



# Hoe om hierdie Grootboek te gebruik:

U as onderwyser moet u voorberei om hierdie Grootboek tydens 'n gedeelde leesaktiwiteit aan die leerders bekend te stel. Gewoonlik werk die onderwyser tydens sulke aktiwiteite met die hele klas, maar indien u klas te groot is, behoort u eerder met 'n groep of 'n deel van die klas te werk. Maak seker dat al die leerders die Grootboek kan sien, sodat hulle die teks self sal kan lees. Tydens gedeelde leessessies leer die leerders hoe om:

- 'n boek te hanteer
- 'n boek vas te hou
- die bladsye om te blaai

Daarby word basiese begrippe - omslag, voorkant, agterkant en titel - vasgelê.

Die leesproses word ook gemodelleer, en die vaardighede wat die KABV voorskryf, word ontwikkel. Dit behels die volgende:

- die ontwikkeling van luister- en praatvaardighede
- die ontwikkeling van ontluikende leesvaardighede
- die ontwikkeling van dink- en redeneervaardighede deur die beantwoording van vrae oor die storie
- die ontwikkeling van skryfvaardighede deurdat gedeelde lees tot gedeelde skryf lei

## Voorbereiding vir 'n gedeelde leessessie

- Maak seker dat al die leerders die boek kan sien. Indien u klas groot is, werk eerder met 'n kleiner groepie.
- Maak indien moontlik 'n boekstander, sodat u die boek nie hoef vas te hou terwyl u lees nie. (Kyk instruksies op die agterste buite-omslag.)
- Hou 'n liniaal of wyser byderhand, sodat woorde tydens lees gevolg sal kan word.
- Plak plakkertjies by woorde wat u wil uitlig, of gebruik 'n "towervenster". (Gebruik 'n reghoekige stuk papier en knip 'n kleiner reghoek in die middel uit om 'n raam te vorm. Plaas dit tydens die leessessie oor die teks sodat slegs een woord sigbaar is.)

## Die eerste gedeelde leessessie

Die eerste sessie fokus op genot en 'n eerste "kyk" na die teks, terwyl die leerders 'n persoonlike reaksie op die teks toon.

- Blaai die storie wat gelees gaan word deur. Praat oor die illustrasies.
- Vra leerders om die storie op grond van die titel en die prente te voorspel.
- Stel nuwe of moeilike woorde bekend voordat die storie gelees word.
- Gebruik woordkaarte om nuwe woorde bekend te stel.
- Maak seker dat u gevoelvol lees, en varieer u stemtoon en tempo.
- Gebruik ook verskillende gebare en gesigsuitdrukkings.
- Gebruik 'n wyser of liniaal om woorde uit te wys terwyl u lees, sodat die leerders sien waar gelees word en die klanke met die simbole op die bladsy vereenselwig. Dit sal hulle ook help om die leesproses van links na regs en van bo na onder waar te neem.
- Stel boekterme soos "woord", "sin", "bladsy", "outeur", "titel" ensovoorts bekend.
- Moedig leerders aan om aan die storie deel te neem deur sekere frases hardop saam te sê (bv. "Hardloop maar so vinnig jy kan. Jy sal my nie vang nie, want ek's die gemmerbroodman!").

## Die tweede gedeelde leessessie

- Verskuif die fokus na groter leesbetrokkenheid saam met die onderwyser en na die besprekings wat plaasvind.
- Bevorder woordeskat, begrip, dekoderingsvaardighede en teksstrukture (taal, leestekens, ensovoorts).
- Stel die kenmerke van die spesifieke teks (toneelstuk, niefiksie, fiksie, gedig) aan die leerders bekend.

## Die derde gedeelde leessessie

- Die leerders behoort die teks nou self te lees en by mondelinge, praktiese en geskrewe aktiwiteite wat op die teks gebaseer is, betrokke te raak.
- Waar moontlik behoort die gedeelde lees te lei tot gedeelde skryf, waarby u modelleer hoe om teks te skryf en die leerders dit dan probeer doen, terwyl u as fasiliteerder optree. Hierdie modellering van die skryfproses berei die leerders voor om hulle eie skryftake aan te pak.

# 1 Anita gaan dokter toe



Anita voel vandag siek. Sy voel warm.

"Ek voel siek," sê sy vir Japie, haar beertjie. "Ek voel warm."





Anita se ma neem haar dokter toe. Sy sê vir die verpleegster dat Anita siek is.

"Anita is baie warm," sê haar ma.

Die dokter roep vir Anita.

"Hallo, Anita, hoe voel jy?" vra die dokter.

"Ek voel siek," sê Anita vir die dokter.

"Kom, laat ek kyk wat fout is," sê die dokter.






Die dokter weeg Anita op die skaal.

"Ons moet kyk hoeveel jy weeg," sê sy vir Anita. "Dis gaaf, jy weeg 25 kilogram."

"Kom ons kyk nou hoe lank jy is," sê die dokter.

Die dokter gebruik 'n maatstok om Anita te meet.

"Jy is 125 sentimeter lank," sê die dokter.



Die dokter druk op Anita se maag.

Dit maak nie seer nie.



Dan luister die dokter na Anita se bors.



Die dokter kyk in Anita se mond.

Dit maak nie seer nie.



"Jy is siek," sê die dokter vir haar. "Jy het griep. Ek moet vir jou 'n inspuiting en medisyne gee."

Die dokter gee vir Anita 'n inspuiting. Dit maak 'n bietjie seer.

"Eina!" roep Anita uit.



Anita vra die dokter om na Japie ook te kyk. "Dokter, Japie is ook siek," sê sy.

"Is jy ook siek, Japie?" vra die dokter. Sy luister na Japie se bors. Sy bors klink gesond.





Daar is 'n snytjie aan Japie se been.
Die dokter plak 'n pleister daarop.

"Nou sal jy beter voel," sê die dokter vir Japie.

Die dokter gee vir Anita medisyne. Sy moet drie maal per dag 'n teelepel van die medisyne drink.

Die dokter gee ook vir Anita 'n suiglekker. "Jy was baie dapper, Anita," sê sy.

"Dankie, dokter," antwoord Anita. "Kan Japie asseblief ook 'n suiglekker kry?"

"O ja!" sê die dokter. "Japie kan sommer twee suiglekkers kry."



# 2 Busi koop 'n fiets



Busi wou nog altyd 'n fiets gehad het. Een Saterdag gaan sy en Pam na fietse by 'n winkel daar naby kyk.

'n Rukkie later staan Busi en Pam met groot oë en kyk na 'n fiets waarop hulle albei verlief geraak het: 'n helderpienk fiets! Hulle het die fiets uitgetoets en hy ry ook heerlik.

"Ek wens ek kon dit koop," sê Busi. Die fiets kos R120 en Busi het net R50.

Kort daarná verjaar Busi en sy kry R50 by haar oom. "Nou het ek amper genoeg om die fiets te koop," sê sy. "Ek gaan my ouers vra of hulle vir my R20 sal gee."

"Ek sal jou R20 gee, maar dan moet jy eers 'n bietjie tuinwerk doen," sê haar pa.

"Ek sal jou help," sê Pam. Toe help Pam vir Busi in die tuin. Hulle tel blare op en lei die plante nat.

"Dankie dat jy my help, Pam," sê Busi.


"Maats is daar om mekaar te help," antwoord Pam.



Busi gaan koop toe die pienk fiets.

Sy en Pam ry graag met hulle fietse in die park.

Eendag terwyl hulle ry ...



Ai Pam, dis so lekker om saam te ry.



Ja, Busi, dis baie pret. Ek is so bly ons het nou albei fietse!




Pam, luister.
Ek hoor 'n
kat wat huil.



Ja, kyk, haar stert sit in die draad vas!

Ag, jou arme klein katjie!




Busi, wat gaan ons met haar doen?

Ons kan haar nie net hier laat nie! Haar mense soek haar seker.




Ek het 'n plakkaat vir 'n verlore kat by die skool gesien. Kom ek gaan wys jou.

## VERLORE

My kat het weggeraak.
Sy is wit, grys en gemmer van kleur en reageer op die naam Gemmer. Indien jy haar kry, bel asb. vir Brenda by 012 345 6789.



Ek sal haar kom haal.

Busi neem die kat toe versigtig in die mandjie op haar pienk fiets huis toe en bel vir Brenda. Brenda het dadelik vir Gemmer kom haal, en albei was ewe bly om mekaar te sien.

Dit is vir ons aangenaam om u aan die reeks Grootboeke bekend te stel. Hierdie Grootboek vorm deel van die groter Reënboogreeks, wat werkboeke, 'n bloemlesing, gegradeerde leesboeke en plakkate insluit. Ons hoop dat u die verskeidenheid stories wat by die agt Grootboeke vir hierdie graad ingesluit is, in u onderrig van waarde sal vind, en dat u leerders hulle gedeelde leeservaring sal geniet.

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir die Grondslagfase lig gedeelde lees as een van die belangrike komponente van die leesstrategie uit. Gedeelde lees vind gewoonlik twee tot vier dae per week plaas, en al die leerders lees dieselfde teks. Die Grootboeke en die gegradeerde leesboeke is vir hierdie doel geskik.

Die gebruik van 'n Grootboek met groot druk is egter uitstekend vir die doel van gedeelde lees, omdat die leerders die woorde en prente kan sien en die storie kan volg terwyl u lees, soos by tradisionele storievertelling. Dit is belangrik dat die leerders om die Grootboek moet sit, sodat hulle dit almal kan sien en die teks kan lees. Die groot druk van die Grootboeke maak dit vir u moontlik om hardop vir 'n groepie leerders in 'n ontspanne, nie-bedreigende atmosfeer voor te lees.

Die Grootboeke in hierdie reeks sal u leerders aan 'n verskeidenheid stories, rympies/gedigte en toneelstukke bekendstel, asook aan inligtings- en grafiese tekste.

Dit is u taak as onderwyser om die stories vir die leerders te laat lééf en om die ervaring prettig en opwindend te maak. Die gebruik van die Grootboeke sal u in staat stel om die leeservaring te modelleer op 'n wyse wat sowel u as u leerders sal geniet. Ons hoop dat hierdie boek u sal help om juis dit te doen.


## Maak u eie Grootboekstander





### U benodig:

1. Karton van dieselfde breedte as 'n oop Grootboek (60 cm breed) en drie keer die lengte plus 10 cm vir 'n soom (136 cm)
2. Maskeerband
3. Twee knypers of pennetjies

- Vou 'n 10 cm-soom aan die bokant van die karton.
- Verdeel die lengte van die oorblywende karton in drie gelyke dele.
- Vou die karton in die vorm van 'n A-raam, sodat die soom met die ander punt van die karton oorvleuel.
- Plak die soom met maskeerband aan die ander punt van die karton vas soos in die illustrasie hieronder getoon.






## Ander idees vir die gebruik van 'n Grootboek

- Gebruik 'n vel deursigtige plastiek as oorlegsel vir u Grootboek, sodat u en die leerders daarop kan skryf.
- Klem die deursigtige oorlegsel met 'n knyper aan die Grootboek vas.
- Gebruik 'n watergebaseerde pen met wasbare ink om op die oorlegsel te skryf.


ISBN 978-1-4315-2776-2


Rainbow WORKBOOKS


ISBN 978-1-4315-2776-2


**THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.**

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA





Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street, Pretoria
South Africa



© Department of Basic Education



First edition 2016



The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.



The Big Books in this series are available in all languages. They were developed by a team of UNISA Language and Education experts as part of their Community Engagement contribution to South Africa's education sector.



**Author: V McKay**